kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Honger vir Lewensbrood

Skriflesing: Johannes 6:22-35

Broodjies vir die pad

"We need a coat with two pockets. In one pocket there is dust, and in the other pocket there is gold. We need a coat with two pockets to remind us who we are."
— Parker Palmer

"Lives leak into each other, the past lays claim to the present"
— Damon Galgut, In a Strange Room

"Unbelief is as much of a choice as belief is. What makes it in many ways more appealing is that whereas to believe in something requires some measure of understanding and effort, not to believe doesn't require much of anything at all."
— Frederick Buechner, Whistling in the Dark: A Doubter's Dictionary

"There can be no stronger proof of the impoverishment of our contemporary culture than the popular - though profoundly mistaken - definition of myth as falsehood."
— Rollo May

"Our powerful hunger for myth is a hunger for community. The person without a myth is a person without a home...To be a member of one's community is to share in its myths..."
— Rollo May

"Man's maker was made man that He, Ruler of the stars, might nurse at His mother's breast; that the Bread might hunger, the Fountain thirst, the Light sleep, the Way be tired on its journey; that Truth might be accused of false witnesses, the Teacher be beaten with whips, the Foundation be suspended on wood; that Strength might grow weak; that the Healer might be wounded; that Life might die."
— Saint Augustine of Hippo

"When your life awakens and you begin to sense the destiny that brought you here, you endeavour to live a life that is generous and worthy of the blessing and invitation that is always calling you."
— John O'Donohue, Eternal Echoes

"The danger is not that the soul should doubt whether there is any bread, but that, by a lie, it should persuade itself that it is not hungry."
— Simone Weil

"Faith, for me, isn't an argument, a catechism, a philosophical "proof." It is instead a lens, a way of experiencing life, and a willingness to act."
— Sara Miles, Take This Bread: A Radical Conversion

"Those who really can receive bread from a stranger and smile in gratitude, can feed many without even realizing it. Those who can sit in silence with their fellow man not knowing what to say but knowing that they should be there, can bring new life in a dying heart. Those who are not afraid to hold a hand in gratitude, to shed tears in grief, and to let a sigh of distress arise straight from the heart, can break through paralyzing boundaries and witness the birth of a new fellowship, the fellowship of the broken."
— Henri J.M. Nouwen, Out of Solitude: Three Meditations on the Christian Life

"All bread is the bread of heaven, her father used to say. It expresses the will of God to sustain us in this flesh, in this life. Weary or bitter or bewildered as we may be, God is faithful. He lets us wander so we will know what it means to come home."
— Marilynne Robinson, Home

"Self-care is never a selfish act - it is simply good stewardship of the only gift I have, the gift I was put on earth to offer others. Anytime we can listen to true self and give the care it requires, we do it not only for ourselves, but for the many others whose lives we touch."
— Parker Palmer, Let Your Life Speak: Listening for the Voice of Vocation

"(It has become clear to me, for example, that aging itself does not bring wisdom. It often brings regression to childishness, dependency, and bitterness over lost opportunities. Only those who are still intellectually, emotionally, spiritually growing inherit the richness of aging.)"
— James Hollis, What Matters Most: Living a More Considered Life

"We are sun and moon, dear friend; we are sea and land. It is not our purpose to become each other; it is to recognize each other, to learn to see the other and honor him for what he is: each the other's opposite and complement."
— Hermann Hesse, Narcissus and Goldmund

"He has always had a dread of crossing borders, he doesn't like to leave what's known and safe for the blank space beyond in which anything can happen. Everything at times of transition takes on a symbolic weight and power. But this too is why he travels. The world you're moving through flows into another one inside, nothing stays divided any more, this stands for that, weather for mood, landscape for feeling, for every object there is a corresponding inner gesture, everything turns into metaphor. The border line on a map, but also drawn inside himself somewhere."
— Damon Galgut, In a Strange Room

"We did not domesticate wheat. It domesticated us."
— Yuval Noah Harari, Sapiens: A Brief History of Humankind

2 skrywers van SA op langlys vir Booker-prys

Twee Suid-Afrikaners pryk op die langlys vir die gesogte Bookerprys. Damon Galgut vir sy agtste roman,*The Promise*, en Karen Jennings vir haar vierde roman, *An Island*.

Daar is 13 boeke op die langlys, wat gekies is uit 158 romans wat tussen 1 Oktober 2020 en 30 September vanjaar in Brittanje of Ierland gepubliseer is.

Die Bookerprys is oop vir skrywers van enige nasionaliteit wat in Engels skryf en wie se boeke in Brittanje of Ierland gepubliseer word. Die lys is vroeër Dinsdag bekend gemaak.

Die plaaslike resensent Jonathan Amid dink Galgut is ’n sterk kandidaat om nou vir die derde keer die Booker-kortlys te haal.

“Hy is naas J.M Coetzee waarskynlik ons bekendste en mees gevierde skrywer sedert 2000. Ondanks stewige kompetisie van onder andere Rachel Cusk en Kazuo Ishiguro is Galgut uitstekend geplaas om ’n Booker op te raap: *The Promise*, met sy gewigtige temas en verstommende stilistiese en formele intelligensie, is ’n onvergeetlike ontluistering van die plaasroman.

“Ek is verheug dat Karen Jennings se *An Island* op die lys is. Dit is die soort postkoloniale letterkunde wat jou uitboul met intensiteit, met elke greintjie van die roman wat getuig van ware vakmanskap, nuanse, empatie en deernis. Dis ’n broeiende sielkundige riller wat jy eenvoudig nie kan of wil neersit nie.”

Jennings (39), ’n boorling van Kaapstad, is ’n skrywer van romans, kortverhale en digkuns. Sy woon deesdae in Brasilië. Sy het ’n meestersgraad in Engelse letterkunde en kreatiewe skryfwerk aan die Universiteit van Kaapstad behaal en het dit met ’n doktorsgraad in kreatiewe skryfwerk van die Universiteit van KwaZulu-Natal opgevolg.

Sy het gedebuteer met *Finding Soutbek*, wat die kortlys gehaal het van die eerste Etisalatprys vir fiksie van Afrika, haar memoires, *Travels with my Father,* het in 2016 verskyn en ’n digbundel, *Space inhabited by Echoes*, in 2018.

An Island word op die Booker-webblad beskryf as ’n roman oor “skuldgevoelens en vrees, vriendskap en aanvaarding, asook die betekenis daarvan om ’n ware tuiste te hê”. Dit handel oor ’n eenkantmens, Samuel, wat al lank alleen woon op ’n eiland. Hy het net die bejaarde ligwagter vir geselskap. Toe hy ’n vlugteling op die strand vind, word sy oortuigings en belewenis van sy lewe tot dusver uitgedaag. Herinneringe aan sy lewe in sy vaderland begin hom teister, die land wat deur koloniseerders beset was en ná ’n lang en gewelddadige struweling om vryheid onder die heerskappy van ’n diktator verval het.

Galgut (58) is ’n skrywer van Kaapstad wie se werk al in 16 tale vertaal is en sy romans het al twee keer die kortlys vir die Bookerprys behaal: *The Good Doctor* in 2003 en *In a Strange Room* in 2010. Hy skryf romans en toneelstukke. Sy roman *The Quarry* is al twee keer verfilm.

Die skrywer Edmund White beskryf Galgut as een van die “wêreld se groot skrywers” en tipeer *The Promise* as die belangrikste boek wat die afgelope tien jaar verskyn het. Dit handel oor ’n gesin wat buite Pretoria op ’n plaas vergader vir die matriarg se begrafnis; die jonger generasie is in opstand teen dit waarvoor hul familie staan. Hulle is veral ontsteld oor die belofte aan hul swart huishulp wat haar lewe lank vir die gesin gewerk het, wat blyk op niks uitgeloop het nie. Sy sou haar eie huis en ’n stuk grond ontvang.

Die enigste ander skrywer van die Afrika-kontinent is die gebore Somaliër Nadifa Mohamed, wat tans in Brittanje woon.

Die volledige langlys vir die Bookerprys lyk so:
A Passage North, Anuk Arudpragasam
Second Place, Rachel Cusk
The Promise, Damon Galgut
The Sweetness of Water, Nathan Harris
Klara and the Sun, Kazuo Ishiguro
An Island, Karen Jennings
A Town Called Solace, Mary Lawson
No One is Talking About This, Patricia Lockwood
The Fortune Men, Nadifa Mohamed
Bewilderment, Richard Powers
China Room, Sunjeev Sahota
Great Circle, Maggie Shipstead
Light Perpetual, Francis Spufford

– saamgestel deur Laetitia Pople

https://www.netwerk24.com/Vermaak/2-skrywers-van-sa-op-langlys-vir-booker-prys-20210727

Brood vir die pad

Moenie dat jou hoopmeter op nul gaan staan

Wilhelm Jordaan

Ons het ’n land geword van slegte nuus; byna deurlopend sleg. Al hoe meer mense wil landuit, ontsnap van al die ellendes: onbevoegde regering; korrupsie; die waansin van gewelddadige vernietiging en inhalige stropery wat paradeer as “ons is honger”; ekonomiese krisisse; sterfgevalle weens die Covid-19-pandemie; en so (eindeloos) voorts.

Baie se “hoopmeter” het vasgesteek op ’n wanhopige nul. Dít is begryplik, maar miskien moet mens onthou slegte nuus, plaaslik en wêreldwyd, is wesenlik net een stel stories oor wat “daarbuite” gebeur. Die media werk grootliks met ellende en somberte; die skinder- en gerugkolom; lewens-tragiek – die donker hart van die mensdom. Jou eie leefwêreld bevat tog ánder stories; die wonderlike verhale oor wat mense vir mekaar doen en beteken, ook nou in die tyd van Covid-19; dit wat bereik word teen alle verwagting in; dat daar verruklike klein vreugdes is wat langs die donkerte bestaan en dit ook verdryf.

Daarmee saam kom die wondertyd wat gesetel is in die kuns van kyk, verby kyk, nuut kyk, ánders kyk – van oë oop maak; om opnuut én dankbaar te dink oor die betekenis van gewone dinge.

Soos Anna M. Louw dit doen in haar roman Wolftyd: “Dankie vir wonder. Dankie vir dag en nag. Dankie vir wit en swart. Dankie vir naby en ver. Dankie vir hoog en laag. Dankie vir tyd en ruimte. Ook vir stoflappe en verestoffers, vir kerse, vadoeke en stopnaalde. Dankie vir die koper en die sink wat in rotse gebêre is. Dankie vir bome wat hout groei. Dankie vir duime. Sodat mense kan saag en beitel en kap. En teken en sny en ets. Dankie vir liefhê.”

Uit sulke wondertyd kom die baie ryk ure van die enkele leefbeurt wat aan mens gegee is en waarin jy ook kap en beitel aan ’n lewe wat betekenis hét. Daarmee die vraag: Is dit hoop wat maak dat mens aanhou wonder, aanhou kap en beitel en betrokke is by jou eie lewe, dié van ander en jou gemeenskap? Of is dit selfmisleiding; ’n berekende blindheid vir gestadigde verval en agteruitgang?

Baie mense se hoop is soos dié van die twee boemelaars Didi en Gogo in Samuel Beckett se drama Waiting for Godot. Hulle wag op iets beters, die koms van mnr. Godot. Wat opval is dat hulle passief is, nie in beweging kom nie en teen die einde van die drama steeds bewegingloos en pessimisties is.

Passiwiteit en pessimisme is bedmaats. Daaruit kom dikwels ’n soort groepdinamiek waardeur individuele pessimisme kritieke massa bereik in ’n epidemie van swartgalligheid waarin mense mekaar aanvuur tot die kollektiewe afwagting van die ergste deur katastrofiese denke – dat niks deur jou toedoen en deelname kan verbeter nie.

Wag op iets beters is absurde hoop wat die hoopmeter vries, stil laat staan. Herskeppende, daadwerklike hoop lê in ’n realistiese peiling én waardering van pynlik stadige vordering. Én die ingesteldheid om die goeie nuus, die beter nuus, te soek én te maak – op eie werf, hoe groot of klein dit ook is.

** Jordaan is ’n emeritus professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/moenie-dat-jou-hoopmeter-op-nul-gaan-staan-20210727

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877